UIT DIE SERNICK-KRAAL

Van Sernick aan jou

Waardetoevoeging deur "backgrounding"

Een metode hoe primêre beesprodusente waarde by hul speenkalwers kan voeg, is deur "backgrounding". Dit is egter belangrik om die metode te verstaan en te verseker dat dit 'n goeie korttermynbelegging vir jou omstandighede en in 'n spesifieke prysscenario is.

"Backgrounding" is 'n groeifase van vroeggespeende kalwers voor die intensiewe voerkraalfase. Kalwers word gewoonlik vroeg gespeen op sowat 180kg en is op "backgrounding" tot op 240kg, waarna hulle dan in die voerkraal opgeneem word vir afronding. Hierdie fase wissel tussen 30 en 90 dae.

"Backgrounding" word primêr op weiding en ruvoer gebaseer, wat tussen 50 en 70% van die totale inname uitmaak. Dit behels dus die speen van kalwers op goeie gehalte hooi of weiding, vanwaar hulle stelselmatig blootgestel word aan 'n gekonsentreerde graandieet wat in die voerkraal gebruik gaan word.

"Backgrounding" word gebaseer op drie faktore: Rumenaanpassing, die oorskakeling van melk en 'n grasdieet na graan, en spierweefselgroei. Gewig word baie ekonomies aangesit. Laastens word kalwers sosiaal aangepas vir die intensiewe voerkraalopset, waar die loop- en voerbakspasie beperk is. Kalwers word ook klaar ingeënt en ontwurm, wat voerkraalaanpassing en veral stresverwante longprobleme beperk.

Literatuur toon dat hierdie kalwers 5 tot 10% beter groei, en dat daar tot 3% minder vrektes voorkom. Druk op die koeie word verlig deur die kalwers vroeër te speen, wat reproduksie- en onderhoudsvoedingvoordele inhou.

Die plaaslike siening

Die huidige Suid-Afrikaanse "backgrounding"-stelsel bestaan hoofsaaklik uit 'n kort rumenaanpassingstydperk van twee tot vier weke. Die doel is om die rumen so vinnig as moontlik aan te pas by die hoë-energie graanrantsoen van die voerkraal. Die idee is om beter groei deur die hoë-energie rantsoen te verkry. Dus kan die rantsoen vinniger doeltreffend gebruik word, terwyl asidose en laminitis vermy word. Dié stappe word meestal deur die voerkrale self gedoen en is meer 'n rumen-aanpassingsfase as "backgrounding".

Die Australiese siening

Die Australiese "backgrounding"-tydperk is aansienlik langer – drie tot sewe maande. Die langer tydperk word gebruik om kalwers se gewenste orgaan- en beengroei teen 'n laer koste as in die voerkraal te bereik. Wanneer die kalwers voerkraal toe gaan, word net "vleis aan die been gehang". Dié konsep behels dat die voerkraalkoste hoog is en dat vleis geproduseer moet word om waarde toe te voeg.

Kalwers wat vir die plaaslike mark gevoer word, word op 'n gemiddelde gewig van 350kg vanuit die "backgrounding"-stelsel in die voerkraal geplaas. Hierdie kalwers word vir 70 dae voor slagting afgerond.

Uitvoermarkkalwers word teen 'n gemiddelde gewig van 430kg in die kraal geplaas vir 100 dae se afronding ná "backgrounding". Die stelsel fokus baie op sosiale aanpassing, sodat voerkraalprestasie vanaf dag een optimaal is en die hoë koste regverdig.

Duidelik verskil sienings oor "backgrounding", maar die feit is dat dit waarde op die plaas kan toevoeg en meer geld in jou sak beteken. Dit is in die meeste prysscenario's ekonomies, terwyl dit baie voordele vir die voerkraal en bemarkingsvoordele vir die produsent inhou. VP

Kontak ons gerus vir meer inligting.
Phillip Oosthuizen:
Hoof van Ekonomie en Navorsing.
Sel: 079 901 8763
Epos: phillip@sernickgroup.co.za
Webtuiste: www.sernick.co.za

Hou op om bang te wees vir wat verkeerd kan gaan en begin opgewonde raak oor wat reg kan gaan.

Die krag van optimisme

Wat beesgetalle per land betref, is Suid-Afrika in die 17de plek. Wat beesvleisproduksie per land betref, is Suid-Afrika twaalfde. Neem in ag dat sowat 30% van die plaaslike beeskudde in die Oos-Kaap nie in die kommersiële mark meeding nie.

Suid-Afrikaanse landbouers is uniek